

Date: 08 August 2018

Time: 11:00

Place: Participant's Office

Interviewer: Ok nou's ons op rekord.

Participant: Nou's ons op rekord. Ok ek het netou hierdie deurgelees... en... ehm... daar's 'n paar goedjies... wat ons oor kan gesels. Ehm... daar is, daar is *menings* oor hierdie beleid wa da verskille is hoe my lynbestuurder dit interpreteer en hoe ons dit interpreteer en hoe dit *toegepas* word.

Interviewer: Yes

Participant: So hierdie is baie, baie relevant.

Interviewer: Ok

Participant: Ok ehm by 3.3.1 annual leave, heeltemal happy daamee dis altyd net... tricky... niemand weet lekke watter posvlak hulle is en wat beteken posvlakke nie. Dis somme net 'n algemene kommentaar. Ehm... en natuurlik die feit dat daardie is die huidige beleid daar is van ons wat nog op ouer beleide is wat nie op 30 dae is nie.

Interviewer: Ja

Participant: So dit, dit kan wees dat jy om 'n aner beleid is... ek het byvoorbeeld meer dae as net, net die 30.

Interviewer: Ja

Participant: Ok. Ehm... ek het veder niks by op bladsy 7 nie. Ehm die toepassing van hierdie annual leave sal ons nou-nou by kom.

Interviewer: Ok

Participant: Want daarso, daar's goed wat daar...

Interviewer: Nes jy voel.

Participant: Ehm... miskien moet ekit hierso bysit.

Interviewer: Ok

Participant: Want wat hier (pointing to document) nie duidelik uitkom nie is... wanneer kan ekit vat? Is... is dit my *reg*? Ek mag mos leave vat... dis wat hier staan maar hoe my lynbestuurder dit interpreteer is...

I omitted irrelevant and sensitive content.

Interviewer: Maternity leave.

Participant: Ek het... oor maternity leave het ek nie 'n groot vrae of bekommernis nie ek dink dis baie netjies uiteengesit, dis baie duidelik ehm... wat vir my ehm... dit is ek... ek is... ek hou davan dat daar erkenning gegee word aan... adoption. Dit is vir my goed. En... van miscarriage en stillborn children... ons het 'n kollega...

I omitted irrelevant and sensitive content.

Interviewer: Hoe hou jy vanie pa se rol in hierdie? Of die partner?

Participant: Ehm... ek is fine daarmee... ek weet... ek... ek... weet 'n ma het 'n anner tipe rol...

Interviewer: Mmm

Participant: Ek vermoed dat daar is waarskynlik pa's wat meer sou wou voel... ehm hulle moet ook langer tyd kry. (Sighing) Dit is... dis vir my moeilik... ek dink... ek dink dis op 'n anner afdeling... ehm...

Interviewer: Mmm

Participant: van ehm... compassionate leave... waar die pa ook bietjie... tyd kry. Ek... ek dink net dis baie disruptive asie pa ook so lank kan kry.

I omitted irrelevant and sensitive content.

Interviewer: Ok nou het ons nou gepraat van die proses wat dit betref. Nou praat os gou van die beleid met betrekking tot die pa se rol. As jy kyk na die *beleid* hieso opie papier.

Participant: Ja

Interviewer: Staanie pa se rol vir jou iewers uit? Word dit uitgespel?

Participant: Nee hier by maternity leave staan daar niks oor die pa se rol nie. Wat vi my eintlik...

Interviewer: So jy voel is orait so hulle hoefie die pa se rol hieso te highlight nie?

Participant: Nee. Ek... in 'n baie utopiese wonderlike wêreld sou dit fantasties wees as daar 'n paternity leave was van twee weke of 'n maand wat... dis 'n gegewe jy kry dit no questions asked.

I omitted irrelevant and sensitive content.

Participant: Maar vir maternity leave vir die ma is ek heeltewel happy soos dit hier staan.

Interviewer: Ok so die pa kry... ek dink hy kry 'n dag of iets...

Participant: Ek dink hy kry 3 dae.

Interviewer: Kry hy nou 3 dae?

Participant: Vir compassionate leave ja.

Interviewer: Ma sien jy dit hier iewers?

Participant: Nee, nee ek sien ditie by maternity leave nie.

Interviewer: Sou jy dit hier wou hê?

Participant: Ja. Dit sou goed gewees het as dit da was. Dis 'n geldige punt.

Interviewer: Dit sluit tog aan by maternity leave...

Participant: Dit sluit aan...

Interviewer: al is hy nie die een wat... of wat of wat sou jy...?

Participant: Ek sou dit... want dit *staan* hierso by 3.3.5 wat *later* is *staan*... paternity is daar compassionate leave (paging back and forth between maternity leave and compassionate leave).

Interviewer: Mmm

Participant: Wat ook kan vi die birth of an employee's child kan geld. En dit...

Interviewer: Dit voel jy het betrekking op die pa?

Participant: Dit het definitief betrekking op die pa.

Interviewer: Uur ok

Participant: Ehm so ek sou dit graag... dit sou goed wees as dit daar kon wees.

Interviewer: Ok so dis met betrekking tot maternity leave nê?

Participant: Ja

Interviewer: Ok so jys orait met dit.

Participant: Ek is orait met dit.

Interviewer: Study opportunity.

Participant: Ehrm... (Reading silently) ek is... by study opportuni...ty... by 3.3. by 3.3.3.a ehrm... is daar net die... die vraagie dat hoekom is employees *may* be afforded? Wat beteken *may be afforded*? Is dit jy *mag* oppie diskresie van iemand of is dit... jy kan... is *may*... ja as ons nice is gaan dit doen of jy het 24 dae en as jy dit wil vat gaan jy dit kry? Is hier 'n *reg* of is hier 'n *voorreg*?

Interviewer: Mmm

Participant: Want dit, dit is nie vir my duidelik daarso nie... ehrm...

Interviewer: So jy sou wou hê hulle moet da bietjie vi jou uitpak?

Participant: Ja... sê is dit...

Interviewer: Dat jy presies kan weet...

Participant: Yes

Interviewer: ek is geregtig op 24 dae and that is it of... it hang nou van iemand af of hy nice gaan wees en vi my 24 dae gee?

Participant: Yes. Want hierso staan byvoorbeeld employees are *entitled* to a number of working days leave. Hierdie sê *may be afforded*.

Interviewer: Ok

Participant: So dis... daarso is 'n verskil in woorde... en, en dit kan... en my baas... sal... dit... interpreteer *as well may be afforded*. So dis... my diskresie ek ganitie vi jou gee nie... want... vi welke rede ookal.

Interviewer: Ok ek hoor wat jy sê. So jou baas kan hom dalk *so interpreteer* dat well *miskien, miskien nie* terwyl iemand anders dalk kan voel dis 100% in orde...

Participant: Yes as ek wil verlof neem vir studie dan moet hulle it vi my gee.

Interviewer: Uhr.

Participant: Ok

Interviewer: Ok.

Participant: Verder het ek nie 'n probleem daarmee nie die beleid lees... dit lees duidelik dit sit mooi... uiteen... wat dit waarvoor dit is en dis nou nog alles to by 3.3.a.

Interviewer: Mmm ok.

Participant: Ehrm... (Reading softly) Daarmee is ek heeltetal happy.

Interviewer: Ok

Participant: Dan... ehm ek wil net hierso by 3.3.b kyk...

Interviewer: Mmm

Participant: O, die vierde bullet ja die laaste ene hierso staan... 3.3.3.b die vierde bullet daarso staan (Reading aloud) annual leave and study blah, blah, blah will be treated as credits to the employees concerned... (Reading softly) daai hele bullet lees *onsettend* moeilik.

Interviewer: Mmm

Participant: Ehm ek... vi iemand wat... en ek sê nou hierdie met geweldige versigtigheid... iemand wat nie... wat nie taalkundig sterk is nie... of wat nie... gaan hierdie moeilik verstaan.

Interviewer: Mmm

Participant: Ek het dit baie moeilik verstaan en ek is nog steeds nie seker ek verstaanit reg nie...

Interviewer: Mmm

Participant: Ehm... so wat word nou afgetrek? Sê eerder in plaas van dit word (reading aloud) it will be *credited* to the employee concerned sê *eerder* dit word bygevoeg of dit word afgetrek. Wat beteken credit?

Interviewer: Mmm

Participant: Ehm... en dan (reading aloud) in cases where study opportunities overlap with more than one annual leave cycle... the 250 working days... will be *debited* pro rata. Jy moet 'n... *wat beteken dit?* En ek is in rekeningkunde ek weet van debits en credits...

Interviewer: Uhr ma dit maak jou deurmekaar?

Participant: Dit maak my deurmekaar. En... en mens wil nie... dis net dis 'n stupid ding. Ma as hulle dit gan herskryf, skryf it net soos... soos wat 'n gewone mens praat.

Interviewer: Uhr

Participant: Nie soos wat 'n legal mens praat nie.

Interviewer: Uhr, Uhr.

Participant: Ok

Interviewer: Dankie hoor.

Participant: En dan hierso kom ons nou by die interessante dele.

Interviewer: Oraait.

Participant: Die research opportunity.

Interviewer: 3.3.4.a (Reading aloud) staff members with a research brief may be granted research opportunities maximum of 30 days, rait.

Participant: Mmm

Interviewer: Wat beteken dit?

Participant: *Mag ek?* Is dit my *reg* of isit 'n *voorreg*? Ok dit isie een ding.

Interviewer: Mmm

Participant: Tweede ding is, is dit elke jaar? Wie moet toestemming gee? Want ek kan nou vi jou sê...

I omitted sensitive and irrelevant content.

Participant: So nou't ek 30 dae. Nou het ek dit. Kan ek net gan en navorsing doen? En dis fine. Moet ek as ek trugkom iets indien dat ek het research gedoen? Waar kan ekit doen? Kan ekit hier... moet ekit op kantoor doen? Of kan ekit by die huis doen?

Interviewer: Anner plek...

Participant: Ehm... wat is die... wat is die... watsie *omvang* vanie verwagting hier? Dan ook wat beteken *research brief*? (Reading aloud) Staff members with a research brief... is dit enige akademiese personeellid want akademiese personeel *moet* navorsing doen.

Interviewer: Mmm hulle het 'n research brief...

Participant: So ons het 'n research brief...

Interviewer: is a *given* sal ek ma sê ja...

Participant: So ek kan... ek kan daarie actually nou insit?

Interviewer: So jy interpreteer dit as jy het mos 'n research brief, so jy doen aansoek davor?

Participant: Ek wil aansoek doen davor en ek hetie nou klas nie so ek moet dit mos nou kan kry.

Interviewer: Mmm

Participant: Weereens is dit 'n reg of is dit 'n voorreg?

Interviewer: Maybe...

Participant: En hoe lank... hoe lank... is daar *ekstra* hoops waardeur ons moet spring? Want weereens... ek kan nou vi jou sê ons kanit *nou* invoer en da kyk ons wat *gebeur*.

Interviewer: Uhr.

Participant: Dit ganie... hierie ganie wees dat ek voerit nou in en my baas sê... o ok dis fine nie. Dit gan wees...

I omitted sensitive and irrelevant content.

Participant: Al hierdie hoepels... ma ek wil gan navorsing doen. O nee ma da ka jy gan navorsing doen... jy moet as jy trugkom moet jy 'n paper deel. Ja ma dit *staan* nie hier nie. Is dit 'n interne reëling? Kan daar ekstra goed *bygevoeg* word? Wie se prerogatief is dit hierdie? Ehrm... dis baie... dis *glad nie duidelik nie*.

Interviewer: Dis te los...

Participant: *Baie los*

Interviewer: sal ek ma sê...

Participant: Ek... dis 'n *fantastiese geleentheid*. En ek het... is baie dankbaar dat dit da is. Dit moet nie *weggevat* word nie.

Interviewer: Mmm

Participant: Maar ons byvoorbeeld... is te bang omit te gebruik... dis nie iets wat ek sal oorweeg nie.

I omitted sensitive and irrelevant content.

Interviewer: Omdat jy weet oekie lekke hoe werk ditie.

Participant: Ja ek weetie lekke hoe werk dit...

Interviewer: En hoe word hy toegepas en hoe moet jy hom interpreteer en...

I omitted sensitive and irrelevant content.

Participant: En, en dit gan mense so kwaad maak... dat ek so *arrogant* is om van hierdie ding gebruik te wil maak.

Interviewer: Mmm

Participant: Want... ek probeer nou die stelsel uitbuit... of ek wil nie my *werk* doen nie.

Interviewer: Mmm

Participant: Dit is hoe dit gesien word by *my* departement.

Interviewer: Ok, dis jammer.

Participant: Dis tragies nê?

Interviewer: Mmm

Participant: Ok. Ehm... dis fine... en ek wil... lat ek net... ek *verstaan* dat... amal kanie net heelyd op verlot ganie.

Interviewer: Mmm

I omitted sensitive and irrelevant content.

Participant: En dan wil ek net weet by 3.3.4.d ehm dan net (reading aloud) must remain in SU's employ for a corresponding period after opportunity has expired. So beteken... is 'n corresponding period dan nou dieselfde tyd wat ek weg was so... 30 werksdae? Dis fine ehm... dis nie 30 of is dit vir nog 'n... vir 'n jaar omdat ek nou die ekstra verlot gekry het vir 'n jaar se werk? So...?

Interviewer: So ons wil weet da presies wat beteken daai corresponding period?

Participant: Wat beteken corresponding period? Hierdie *term* word...

Interviewer: Daai kan weer either or wees nê?

Participant: Ja, ja.

Interviewer: Ok

Participant: Ehm... so damee... hys netie vi my duidelik gewees da nie.

Interviewer: Mmm

Participant: En *weereens* daaso die laaste reëltjie begin da met *debited* against the annual leave or unpaid leave. Ja ek weet dit word nou afgetrek ma... hoeko sê jy ons nie net afgetrek nie?

Interviewer: Mmm

Participant: Dis mos, dis mos 'n algemene woord.

Interviewer: Mmm

Participant: Trek it af.

Interviewer: Mmm... ja mense praatie van debit en credit ini regte lewe nie.

Participant: Nee dis *simpel* dis net *stupid* accountants' wat dai goete praat...

I omitted sensitive and irrelevant content.

Interviewer: Ok

Participant: Ok. Dan kom ons by compassionate leave. Nou toe my kind... gebore is... toe het ek... vi elke kind het ek 3 werksdae gekry vir... ma ek het... ma ek het nie beseft ma da is nog hierdie anner 14 dae ook wat ek... sou kon vat nie dit was nooit vi my gesê nie ek het ook nooit die beleid gelees nie.

Interviewer: Mmm, mmm

Participant: En ek sou ookie daby uitgekom het nie want ek sou gedog het dit kom oner maternity leave...

Interviewer: Mmm

Participant: So om jou vroeëre punt aan te spreek ja mens moet die goed... moet jy ook daarso net...

Interviewer: Net noem?

Participant: Al verwys jy nag an sien compassionate leave...

Interviewer: Mmm

Participant: daar is goed ook oor birth of a child...

Interviewer: Ok

Participant: gan kyk net daarso.

Interviewer: Die twee hou verband met mekaar op 'n manier so maakie mense net attent daarop dat jy kan da...

Participant: Ja

Interviewer: gan kyk. Ok.

Participant: (Reading softly) Ehm... dis die... beleid is duidelik geskryf daarso...

Interviewer: Jou 14 dae?

Participant: 14 dae is mos nou...

Interviewer: Ma jy kry eintlik 23 dae.

Participant: Jy kry eintlik 23 dae oor... oor... 'n siklus van 3 jaar. Dis... dis heeltemal

Interviewer: Oraait vi jou?

Participant: da is nie... ehm... Ek... sien ek... interessante vraag wat nou by my uitkom by die tweede bullet onner c is (reading aloud) illness of an employee's child.

Interviewer: Mmm

I omitted sensitive and irrelevant content.

Participant: Dit was netie vi my duidelik... ehm... val illness nou daroner?

Interviewer: Uhr disie duidelik genoeg of is dit...?

I omitted sensitive and irrelevant content.

Participant: En hoekom boek jy dit vooruit? Jy kan mosie vandag weet dat jy Vrydag compassionate leave gan nodig hê nie?

Interviewer: Ma wat sê hulle hie?

Participant: Presies.

Interviewer: *before*

I omitted sensitive and irrelevant content.

Participant: En as jy met die baase praat sal hulle met 'n anner *spin* nou kom... hulle kleur dit aners in ma hoe dit... die *praktiese implementering* en die gevoel wat geskep word rondom dit is... is...

Interviewer: Different

Participant: ja so compassionate leave, veder het ek niks anne...

Interviewer: Niks anne probleme wat dit betrefie?

Participant: Niks anne probleme daarso nie. Da gan ons na leave of absence. Rait.

Interviewer: Ok

Participant: Weereens... dis, dis 'n groot ding by ons...

I omitted sensitive and irrelevant content.

Participant: Dis fine 15 dae is nogal lank ons het nie... ek het nie geweet dat jy so lank op 'n slag... *per occasion* so ek kan 10 keer inie jaar vi 15 dae weg wees asit vi kongresse is? Dis fine want dis alles vi my werk. Ehrm.... Dis hoe ek dit interpreteer (reading aloud) attend meetings, conferences, other gatherings... dis fine... as ek moet weg wees vir werk is dit toelaatbaar en isie verlof nie is leave of absence.

Interviewer: Mmm

Participant: Dis reg. (reading aloud) one working day per occasion for moving house. Alles fine so daamee het ek...

Interviewer: Mmm

Participant: Leave of absence is fine ek verstaan dit, dis duidelik wavoer dit bedoel word.

Interviewer: Ok

Participant: Nou. Continuation of work elsewhere 3.3.7...

Interviewer: Mmm

Participant: *Wat is dit nou?* Is dit nou... moet ek verlof insit davoer? Is dit... want dit val onder die verlofbeleid.

Interviewer: Mmm

Participant: So is dit... ek moet afwesig wees vi my kantoor... moet ek verlof insit? Isit leave of absence... of moet ek net... moet hulle net vi my sê luister... jy kan by die huis gan werk jy hoef niks in te voer opie stelselie jy werk net by die huis? Ehrm... ek weet nie... ek weet nie waar dit inval en hoekom dit da stantie.

Interviewer: Ok so jy sal wil hê dit moet 'n bietjie uitgepak word of hy moet iewers ingevoeg word... waar hy...

Participant: Hy moet net inval iewerste want... is dit 'n... dit lyk soos wat dit hierso staan...

Interviewer: Mmm

Participant: Lyk dit soos 'n aparte kategorie verlof.

Interviewer: Ok

Participant: Want 3.3.6 is leave of absence en is maternity leave en study opportunity en so... so dis al hierdie *tipes* verlof. Ma ek weet nie wat dit *is* nie.

Interviewer: Ok so hierdie een... continuation of work elsewhere sê jy lyk asof it... aparte verlof hofie is?

Participant: Yes

Interviewer: Ma tog is sy bewoording... verwys jou trug na?

Participant: Eintlik amper leave of absence... Of net... jy *hoef* nie verlof hie in te sit nie.

Interviewer: Mmm

Participant: Dit... as jy toestemming het om elders jou werk te gan verrig *hoef* jy nie 'n tipe van verlof in te sit nie.

Interviewer: Ok

Participant: Ma dissie vi my duidelik da nie. Ek weet nie eintlik wat om te *doen* met daai sin nie. Ek kan gan vra in 'n ander departement... sou mens kan vra... waarheen... ek... wil weg wees... isit fine en... dan sal hulle weet...

Interviewer: Mmm

Participant: *Hier* sal ons nou nie kannie

Interviewer: Ok

Participant: Ok. Ek voel ek praat geweldig baie. Unpaid leave ek het niks vreesliks vrae daaroor nie want dis nie iets waaroor ek ooit eintlik gedink het nie.

Interviewer: Mmm

Participant: Dis net vi my inter... O nou sien ek... by a staan in special cases dan kan ons 25% van pensionable kry...

Interviewer: Mmm

Participant: Maar unpaid beteken unpaid. Jy's nie hier nie, jy bly ini employ ma jy kry geen inkomste.

Interviewer: Uhr

Participant: Dit maak vi my sin, ek verstaan daa's omstandighede waar dit nodig is.

Interviewer: Uhr

Participant: Dis fine ek het geen issues daamee nie.

Interviewer: Oraait.

Participant: En dan kom ons nou by 3.3.9

Interviewer: Presence at the workplace.

Participant: Ja by a. ons moet op kantoor wees...

Interviewer: Mmm

Participant: Ehrm... of ons kan weg wees... dit is fine so... ek verstaan dit as jy hier werk moet jy op kantoor wees. Ehrm... *maar* by b sê hulle ook ons kan op 'n anner plek wees...

Interviewer: Mmm

Participant: So ons kan... as ons op 'n *anner* plek moet wees dan kan ons dit op 'n anner plek gan doen so ek kan by die huis gan sit en vraestelle merk as ekit da *moet* merk. Ma beteken dit ek *kan* dit daar gan doen want op 'n ander beleid van kantoorure sê weer jy *mag* ma dit op 'n ander plek gan doen as jou baas sê dis ok. *Hierso* lees it bietjie anners want hierso sê ons as jy dit op 'n ander plek *moet* doen... if employees *have* to perform.

Interviewer: Ok

Participant: So dan's it noodsaaklik dat ek moet, ek moet gan ehr... as ek by Agri is... ek moet gan kyk hoe hulle die koeie melk dis deel van my werk ek *moet* dit da gan doen... my baas sê jy kan jou werk da gan doen.

Interviewer: Mmm

Participant: Ma hierso lees dit nou bietjie anners van jy moet eintlik ma altyd hier wees.

Interviewer: Ok

Participant: Ok. Ehrm... ek... hierdie stukkie vanie beleid... net om duidelikheid...

Interviewer: Mmm

Participant: Hierdie presence at the workplace voel vi my dit weerspreek wat op 'n *anner* plek in 'n beleid staan oor... jou baas kan vi jou toestemming gee om jou werk op 'n anner plek te doen. Ehrm... so dis, dis my groot bekommernis daarso. Ok... want die... die aard van die universiteit die aard van akademie, en hierso moet ek net... ek kyk uit die oog van 'n akademikus...

I omitted sensitive and irrelevant content.

Participant: Dis net verrassend baie.

Interviewer: As jy daai agt maande gaan opbreek dink jy nog steeds dit gaan so baie wees?

Participant: Ehrm...

Interviewer: As jy dit opbreek in dae? Hoe ganit dan lyk?

Participant: Dis 60... dis 50 dae 'n jaar. Dis... wel dis een dag 'n week... ja.

Interviewer: Dan hoe lykit dan?

Participant: Nee isie so erg nie nê?

Interviewer: Mmm. So wat sou jy sê?

Participant: Nee dis billik.

Interviewer: Ok. In terme vanie beleid... as hulle vi jou sê agt maande? Of as hulle vi jou 60 dae sê?

Participant: Nee ek dink agt maande is beter. Want dit is oor 'n 3 jaar siklus. Dit maak vir my sin. Dit is baie duidelik dis clear cut... so dis baie duidelik. Da's niks twyfel vi my gewees da nie.

Interviewer: Ok wat dit betrefie.

Participant: Ehrm... ek is heeltemal absoluut duidelik met dit. Rait.

I omitted sensitive and irrelevant content.

Participant: Ons het 'n beleid... oor verlof...

Interviewer: In julle kantoor?

Participant: Ja

I omitted sensitive and irrelevant content.

Participant: Hierso is allerhande goeters wat nie *hier* (pointing to document) gesê word wat ons kan interpreteer en... die beleid... die beleid *sê* nie dat daar al hierdie ekstra reëls gemaak *mag* word...

Interviewer: Maar... sou die beleid meer duidelik wees, *clear, opie man af, geen* ruimte vi enigsins interpretasie nie dink jy die sou julle help?

Participant: *Ja*

Interviewer: Want dan het jy 'n dokument wat jy onder enige iemand se neus rond te swaai en te wys kyk hie *hieso* sê dit... by daai punt sê dit ek *mag so...*

Participant: Ja

Interviewer: Ek is geregtig op *dit*. Ma opie oomblik kan jy dit ongelukkig nie doenie.

Participant: *Nee* want ons het 'n aparte beleid wat... wat julle beleid supercede. Ons beleid is belangriker as hierdie (pointing to document) beleid. Want... sommer. Want da word woorde gebruik soos employees *may* be granted. So onmiddellik is daar hierdie ekstra reëls...

I omitted sensitive and irrelevant content.

Interviewer:

Participant: Ons het reëls oor hoe dit... enie beleid spreek dit nie aan nie.

Interviewer: Ja ek hoor jou. Die beleid maak dit moontlik vir julle om julle eie ekstra beleid te het. As die beleid duideliker was... en nie so oop was vir interpretasie nie dan was da nie ruimte vir 'n separate beleidie.

Participant: Ja

Interviewer: Ek verstaan jou 100% baie, baie dankie vir jou tyd.

Participant: Is dit al? Het jy nie nog vrae nie?

Interviewer: Nee jong...

Participant: Dis baie jammer.

Interviewer: Het jy nog om te sê?

Participant: Nee

Interviewer: Jy kan nog sê...

Participant: Nee ek het alles gesê wat ek an kan dink.